

Infobrief **35** (Feb 2004)

KWALITEIT - SAL OUTOMATIES VOLG AS ELKE PERSONEELLID LET
OP SY PERSOON EN DIE KANTOOR EN AANLEG NETJIES EN FUNKSIONEEL IS!

Wisselkoers probleme is ook vir die Europeërs 'n probleem. Die Euro het met 25% gestyg teen die VSA\$ in die afgelope jaar en 40% in die afgelope 2 jaar! (Time 2004-01-26)

Mini-Houers is besig om vinnig veld te wen as voorkeur afleweringmetode van Alternative Structures se produkte. Die Halwe Mini kan tot 1,390kg dra en die Mini kan 3,000kg dra.



Halwe Mini word gepak. Daar is 2 opmekaar en na regs staan 'n Mini.

Die rede vir die sukses van die Houers is: (a) Daar is besparings van 64% (vir Harding) tot 84% (vir Tzaneen) op die direkte vervoerkoste. (b) Die sakke/kartonne kan nie breek of wegraak nie. (c) Daar moet nou beter beplan word vir aankope en die gevolg is dat u minder kere uit voorraad is met die gevolglike produksie onderbrekings.

Daar is egter 'n paar voorwaardes: (a) Dit verg beter beplanning. (b) Vanweë die groter volume van produkte kan dit langer tyd neem om te vervaardig (c) Omdat u volle bestelling in een versending gaan, moet die houer wag vir die laaste produk, dus voeg dit dae by. (d) Volgens ondervinding neem 'n houer 4-5 dae langer as wat 'n kleiner volume per koerier sou neem om u te bereik - produksie en lewering ingesluit. (e) Vanweë die volume relatief tot die massa kan ons nie elke keer die totale massa voordeel van 'n houer benut nie. (f) Vir dringende of nie standaard aankope kan u nog van 'n koerier gebruik maak.

Ons verskaf skerpmaakstelle vir Holkbore (increment borer) en kalibrasiestelle vir vogmeters.



Alternative sal produkte wat ongemerk is (Reghoekige Anti-Split plate of Blank Rondo-Grips) terugneem vir die prys wat u betaal het. Vervoerkoste vir u rekening.

Rondo-Grip's
Rond op Rond = Sinergie